

Woensdag 10 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 50:1-23

Fokusgedeelte: Psalm 50:14-15
(1933/53-vertaling)

Mag die kerke nie verwyrt word nie

Vandag se datum (10 Februarie) herinner aan 10-11 Februarie 1859, 162 jaar gelede, toe die “Doppers” in Rustenburg onder ’n aantal seringbome byeengekom het om kerk van die Here te wees. Die eerste gereformeerde gelowiges het begin om ’n eie verband in kerkwees te vorm.

Psalm 50 is ’n psalm ook aan kerke geskryf. Ons lees dit as ’n psalm van Asaf. Hy was een van drie sangmeesters, saam met Heman en Etan (vgl. 1 Kron. 23:2-5) wat Dawid as hoof oor 288 ander sangers aangestel het. Hulle moes die musiek in Israel se godsdien (kerkdien) versorg het. Ons onthou spesifiek ook vandag hoe die eerste Gereformeerdes in 1859 die sang in die kerke ernstig wou beoordeel en hulle was oortuig dat God se lied in God se huis moes weerklink.

Hierdie Psalm laat by die herdenking van ons herstigting veral twee sake na vore kom. Die ware kerk moet altyd eerste vra: Hoe wil die Here gedien word? En die tweede saak: die ware kerk moet gedurig stry teen huigelary en skynheiligheid.

Hoe die Here gedien wil word, is dat offers van *dankbaarheid* ons diens moet wees en dat geloftes wat aan die Here gemaak is, betaal moet word. *Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste ...* Hiermee saam gee die Here ’n wonderlike belofte: *... roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.*

As ons raaksien hoe God gedien wil word, dan weet ons Hy het nie brandoffers en slagoffers wat op altare gebring word as primêre diens verlang nie. In alle geval behoort alle vee en al die diere in die bos, wat duisende is, aan die Here (vgl. vs 10). Die wêreld en sy volheid behoort aan die Here (vgl. vs 12).

As kerk van die Here in ons land, in ons kerkverband, besef ons vandag dat God skynheiligheid haat. Dit is mense wat hulle mond vol het oor die Wet van die Here (vgl. vs 16), mense wat maak of hulle so vroom lewe, op die oog af so vroom, maar in hulle harte is die Woord van die Here – Christus – nie! Sulke vroom mense dien nie waarlik Christus nie, want intussen beweeg hierdie mense saam met die diewe en die egbrekers en hulle beskinder hulle naaste (vgl. vs 18-20).

Ons geboorteur as kerkverband was ’n besondere gebeurtenis. Mag ons steeds ’n hartsverhouding met hierdie HERE hê wat in Christus deur sy Heilige Gees sy kerk regeer vol liefde en vertrou.

Sing: Psalm 50-1:1, 7, 8, 9

Dr. PJ Venter (Petrus) (Postmasburg)